VERKLARING OOR MISDAAD EN GEWELD

Die moderatuur van die NG Kerk het by afgelope vergadering met diepe kommer kennis geneem van die geweldsituasie in ons Suid-Afrika wat net nie beter word nie. Ons het met nog groter kommer kennis geneem van groeiende vlakke van moedeloosheid, frustrasie, en dreigende teen-geweld. Dit is veral in dié lig dat ons hierdie verklaring uitreik.

Wanneer die NGK in die verklaring op bepaalde probleme in ons samelewing wys, is dit omdat ons omgee vir hierdie land en al sy mense. Ons sê dit eksplisiet omdat verklaring oor geweld in die verlede met verwyte van dislojaliteit aan die land beantwoord is. Ons kerk is hier in Suider-Afrika solank as die Here wil, om te bly. Ons het onsself reeds by herhaling tot Suider-Afrika en tot die kontinent verbind.

Ons is ook nie kritikasters wat heeltyd negatief is en probeer foutvind nie. Ons het sedert 1990 baie moeite gedoen om ons mense positief te stem oor die land en hulle aan te moedig om konstruktief mee te werk aan die welsyn van ons land en al sy mense. Waar enigsins moontlik werk ons saam met die regering en ander organisasies – tot so `n mate dat die leierskap al meermale daaroor gekritiseer is. Ons is bewus van die groot probleme van ons land en is dankbaar om te kan sê dat daar letterlik honderde diensprojekte in die land aan die gang is wat vanuit plaaslike NGK gemeentes bedryf word.

Ons kerkgemeenskap is egter weer `n keer die afgelope paar maande intens geskok deur die vlaag van geweldadige misdaad in SA wat net nie einde kry nie. Boere en werkers op plase ontgeld dit en voel weerloos uitgelewer aan vyandige elemente. In ons stede en townships word onskuldige mense – ryk en arm, swart en wit – se lewens en geluk verwoes deur sinnelose dade van misdadige geweld. Dit is inderdaad moontlik om op pad winkel toe, beroof en selfs geskiet te word. Mense voel nie veilig nie en glo nie meer dat die polisie in staat is om hulle te help in gevaarlike en doodsbedreigende situasies nie.

Wat ons amper nog meer bekommer is `n gees van negatiwiteit, onverskilligheid en wrewel wat by mense aan die opbou is. Mense begin hoop opgee omdat dit vir hulle voel dat die situasie buite orde geraak het en daar geen werklike wil is om dit reg te kry nie. Ons begin ook hoor van mense wat dreig om die wet in eie hande te neem. Vir ons is dit `n bron van diepe besorgdheid waaroor ons moet praat.

Ons sien `n paar probleme. Die belangrikste na ons mening, is die huiwering van die regering om hulself ondubbelsinnig en toegespits te verbind aan die beswering van geweld en misdadigheid in al sy vorms. Daar word gemengde boodskappe gestuur (waarvan die onlangse uitlatings van die president `n voorbeeld is) wat die gemeenskap frustreer en moedeloos maak. Verder het ` n reeks voorvalle die vertroue van die publiek in die leierskap van die polisie ondergrawe. Die oënskynlike beskerming van `n hooggeplaaste wat die sekuriteit en veiligheid van `n metroraad bestuur en die bevoorregting van gesiene ANC figure in tronke laat mense twyfel aan die regering se sin vir billikheid en regverdigheid teenoor almal. Verder is daar ‘n laksheid en oneffektiwiteit in sommige afdelings van die polisie wat net onaanvaarbaar is. Ons weet dat dit soms met `n gebrek aan toerusting te doen het en is ons dankbaar vir baie lede van die polisiemag wat hulle eie lewens dag vir dag waag en onvermoeid werk aan die bekamping van geweld en misdaad.

Ons doen `n beroep op die regering om deur doelgerigte, sterk optrede t.o.v. geweld en misdaad dit vir mense moontlik te maak om in die land se potensiaal te bly glo, om energie en geld hier te bly belê en `n toekoms vir elke kind in die land te help bewerk. Wanneer die regering die voorbeeldigheid van leiers ernstig neem, enige sweem van korrupsie ten sterkste veroordeel en aan die kaak stel en onmiddellik met `n geloofwaardige en suksesvolle strategie kom om misdaad te beperk, sal die vertroue in die regering herstel word en kan al die sektore van die gemeenskap vrywillig en toegewyd werk aan `n Suid-Afrika wat vir ons almal dierbaar en waarin ons graag vreedsaam wil woon.

Ons meen ook dat die tyd nou ryp is vir die samestelling van `n sterk, gedepolitiseerde alliansie uit die burgerlike samelewing om die polisie te begelei, te adviseer, en by te staan in hulle taak.

Ons bid, soos wat dit gelowiges betaam, voortdurend vir die regering en spesiaal vir die polisie en is bewus van hulle haas onmoontlike taak. Maar ons is daarom ook verplig om, wanneer dit nodig is, ons profetiese stem te laat hoor.

Moderatuur NG Kerk
Vrydag 19 Januarie 2007